

1. Algemene beskrywing van die tyd van die leiers

In die tyd van die leiers (ook **rigters** genoem) word Israel deur God beproef om te sien of hulle in staat is om hulle roeping in hierdie wêreld te vervul. Hulle roeping was dat hulle as volk van God onder die onmiddellike heerskappy van God moes kon lewe.

Die geskiedenis van die boek Rigters leer ons dat Israel in hierdie toets nie geslaag het nie – die geskiedenis wys dat die volk nie in staat was om hierdie hoë roeping te vervul nie.

NB: Op hierdie sondige slingerpad van hulle is hulle simbool van die kerk deur die eeue – ook van ons!

- Daarom het die tyd van die leiers vanself gelei na die latere teokratiese koningskap van Dawid.
- Die taak van die leiers was hoofsaaklik om:
 - as aanvoeders in die oorlog op te tree, en
 - in mindere mate ook om die reg te handhaaf.
 - Hulle het selde mag uitgeoefen, en selfs wanneer hulle in oorlog gewikkel was, het hulle gesag nie eintlik verder gestrek as die grense van elkeen se eie stam nie.
- Na die dood van Josua het leierskap in Israel ontbreek. Daar was geen koning en geen aanvoerder nie.
- Elkeen het gedoen wat hy self gedink het goed was en daarom het die heidense volke die gésel geword waarmee God sy volk getugtig het.

Israel het die volke wat in Kanaän gewoon het, nie almal verdryf soos die Here hulle beveel het nie. Hierdie heidense volke het Israel telkens tot afgodery verlei.

- Die volk van die Here het die Baäls en die Astartes gaan dien.
- Baäl was die naam van die manlike god van die Kanaäniete. “Baäl” beteken “heer” of “besitter”.
 - Die god **Baäl** was die verpersoonlikte, genererende, manlike natuurkrag – die god van die vrugbaarheid.
 - Dikwels word van die Baäls in die meervoud gepraat omdat daar inderdaad meer as een Baäl was, byvoorbeeld Baäl-Sebub, Baäl-Berit en Baäl-Peor.
- Naas die manlike afgod Baäl staan die godin **Astarte**, beeld van die vroulike natuurkrag.
 - Daar is ook meer Astartes (Astarot), en hoewel daar in die vroeë geskiedenis van die Kanaäniete ook ander godinne opgetree het, waaronder byvoorbeeld **Asjera**, word albei hierdie name – Astarte en Asjera – in die Ou Testament gebruik om gewoonweg na die vroulike godheid in die algemeen te verwys.
 - Dit is dan ook dieselfde godin as die een wat in die tyd van Jeremia deur die Israëliete vereer is as “die koningin van die hemel” (Jer. 7:18).

Uit Rigters 10:6 blyk dit dat Israel ook die gode van Sirië, Sidon, Moab, Ammon en van die Filistyne gedien het.

- Die diens van die Here het op hierdie wyse ontaard en het oorgegaan in beelddiens.
- In Rigters 17-21 word verhaal van die beelddiens van die Daniëte wat ingestel is deur ’n sekere Miga.
- Daar word ook vertel van die gruweldaad van die inwoners van Gibeon. Selfs die hele stam van Benjamin het hulle aan die kant van die goddelose Gibeon geskaar.

2. Optrede van die verskillende leiers

As gevolg van die godsdienstige en sedelike verval van Israel het die Here hulle oorgegee in die mag van die omliggende volke.

2.1 Otniël

- Die eerste koning wat hulle onderdruk het, was **Kusan-Risatajim**, koning van **Mesopotamië**.
 - Nadat die leier, **Otniël**, hom verslaan het, het die Israëliete weer veertig jaar rus gehad van hulle vyande.
- Toe Israel egter voortgegaan het om te doen wat verkeerd was in die oë van die Here, het die Here hulle oorgegee in die mag van die **Moabiete** met hulle koning Eglon.
 - Agtien jaar lank het die Israëliete onder hulle heerskappy gesug.

2.2 Ehud

- Hierna het die Here **Ehud** as leier laat opstaan.
 - Toe Ehud die verskuldigde belasting gaan oorhandig het aan koning Eglon, is hy, onder die voorwendsel dat hy 'n geheime opdrag het, alleen by die koning toegelaat in die koel bovertrek van die koning se huis.
 - Daar het hy Eglon met die swaard in die maag gesteek sodat die koning gesterf het.
 - In die geveg wat daarna ontstaan het, is die **Moabiete** oorwin en het daar 80 jaar lank vrede in die land gekom.

2.3 Samgar

2.4 Debora en Barak

Ná Ehud se dood het Jabin, die koning van die Kanaäniete, die Israëliete twintig jaar lank onderdruk. Sisera was die hoof van sy weermag.

- Die Here het redding gegee deur 'n vrou – Debora – 'n profetes.
- Sy het Barak aangespoor om oorlog te maak.
- Die Here het Israel in daardie oorlog laat wen.
 - Sisera met sy strydwaens is verpletterend verslaan.
 - Sisera het gevlug en gaan skuil in die tent van Heber. Jael, die vrou van Heber, het Sisera in haar tent laat inkom en hom agter 'n gordyn weggesteek.
 - Toe hy aan die slaap was, het sy 'n tentpen met 'n hamer deur sy slaap geslaan.
- Hierna het Debora haar oorwinningslied gesing (Rig. 5).

2.5 Gideon

2.5.1 Israel in die hande van die Midianiete

Nadat Debora en Barak Israel uit die mag van die Kanaäniete verlos het, was die land veertig jaar lank stil.

- Gedurende hierdie rustyd het Israel weer in sonde verval, en het hulle die Here weer kwaad gemaak omdat hulle weer in die Baäldiens verval het.
- As gevolg daarvan het die Here hulle in die mag van die Midianiete gegee.
 - Die Midianiete was afstammeling van Abraham en Ketura.
 - Sedert die oorlog teen hulle ten tye van die eerste tog van Israel deur die Transjordaniese gebied (Num. 31:1-13) skyn dit dat hulle hulle ou mag herwin het.
 - Hulle het hulle nie in Kanaän gevestig nie, maar het elke jaar teen die tyd dat die oes ryp was en gemaai kon word, 'n inval in Israel gedoen en die lande gestroop.

- Die Midianiete, saam met die Amalekiete en die Arabiere, het Israel sewe jaar lank onderdruk.
- Op Israel se hulpgeroep het die Here weer uitkoms gegee. Gideon sou hierdie keer die verlosser wees.

2.5.2 Roeping van Gideon

'n Engel van die Here het aan Gideon verskyn toe hy koring by die parskuip gedors het. Hy het vir hom gesê dat hy Israel deur die krag van God van die Midianiete sou verlos. Om sy geloof te versterk het die Here 'n teken aan hom gegee.

- Gideon moes 'n bokkie slag en brood sonder suurdeeg neem en dit saam met die vleis van die bokkie op 'n rots neersit.
- Toe raak die Engel met die punt van sy stok aan die vleis en die brood en daar het vuur uit die rots opgevlam en die offer verteer. Hierna het die Engel verdwyn.

Die Here het Gideon in 'n droom beveel om die altaar wat sy pa vir Baäl opgerig het, af te breek en die gewyde paal daar langsaan af te kap.

- Uit vrees vir sy pa se familie en die stad se mense het Gideon hierdie bevel in die nag uitgevoer.
- Die volgende môre is hy as die dader ontdek, en het hulle hom opgeëis om hom dood te maak.
- Sy pa het hom egter gered. “As Baäl 'n god is, kan hy sy eie saak behartig,” het hy gesê. Daarom is Gideon Jerubbaäl genoem, dit beteken “Baäl behartig sy eie saak”.

2.5.3 Gideon se leër

Die Gees van die Here het van Gideon besit geneem.

- Gideon het op die ramshoring geblaas en 'n leër bymekaargemaak uit die stamme Manasse, Aser en Sebulon.
- Om sy geloof te versterk, het die Here twee maal aan hom 'n teken gegee.
 - Hy het 'n stukkie vlieswol op die dorsvloer neergesit. Die volgende môre was die vlies nat van die dou en die grond droog.
 - Hy het dit weer gedoen, en hierdie keer was die vlies droog en die grond nat van die dou.

Gideon het met 'n groot leër van 32 000 man opgetrek. Die leër van die Midianiete was vier maal groter. God wou Gideon egter beproef en dit duidelik maak dat die oorwinning 'n saak van die Here alleen is.

- Daarom het die Here hom beveel om almal wat bang was te laat huis toe gaan.
 - Daarna het daar net 10 000 man oorgebly, maar hulle was ook nog te veel.
- Gideon moes toe die volk water toe vat en hulle laat water drink.
 - Almal wat op hul knieë neergesak het om te drink, moes hy laat gaan.
 - Hy moes net dié laat bly wat die water met die hand opgeskep het. Net 300 man het oorgebly.
- Met hierdie klein klompie moes Gideon die magtige leër van die Midianiete aanval.
- Om Gideon se geloof te versterk, het die Here hom nog 'n teken gegee. Hy het die nag tot naby die vyande se laer gegaan en daar gehoor hoe een van hulle sy droom vertel:
 - 'n Ronde garsbrood het in die laer van die Midianiete ingerol. Dit het gerol totdat dit by 'n tent gekom het en dit inmekaar laat tuimel het.
 - Die uitleg van sy maat was dat dit die swaard van Gideon was. God gee die Midianiete in die mag van Gideon oor.

Gideon het verstaan dat die Here besig was om die uitslag van hierdie geveg aan hom te openbaar.

- Gideon het dit wat hy gehoor het aan sy manne meegedeel.
- Hy het aan elkeen 'n ramshoring en 'n leë erdekruik met 'n fakkel daarin gegee.

- Toe blaas hulle op die ramshorings, slaan die erdekruike stukkend sodat die fakkels helder skyn, en storm met die uitroep: “Die swaard van die Here en van Gideon!”
- Daar het ’n hewige paniek onder die Midianiete ontstaan, sodat hulle in volslae verwarring gekom het.
 - ’n Gedeelte onder die leiers Oreb en Seëb het suidwaarts gevlug, en ’n ander deel onder Sebag en Salmunna ooswaarts.
 - Die eerste twee het in die hande van die Efraimiete geval, en die laaste twee is deur Gideon ingehaal en doodgemaak.

2.5.4 Gideon maak ’n efodbeeld

Na hierdie oorwinning wou die volk Gideon koning maak, maar hy het beslis geweier.

- Hy het tog van die goue ooringe wat die Israëliete aan hom geskenk het, ’n efodbeeld gemaak.
 - Die “efod” was die skouerkleed wat Moses vir Aäron moes maak, en wat die hoëpriester moes dra wanneer hy met die urim en tummim God geraadpleeg het (Eks. 28:30).
- Deurdadig Gideon ’n efodbeeld gemaak het en dit in die stad Ofra gesit het, het hy ’n nuwe erediens gestig naas dié van die tabernakel in Silo, sodat die mense ook in sy stad die Here sou leer raadpleeg.
 - Dit is duidelik dat hierdie daad van Gideon ’n aanleiding tot sonde vir die volk was, en dat dit die val van sy eie huis veroorsaak het.
 - Gideon het hom nie daaraan gesteur dat die hoëpriester alleen die skouerkleed mag dra nie.
 - Wat hy hier gedoen het, is eiesinnige godsdiens.
 - Hy en sy huis is dan ook getref deur die oordeel van die Here.

Na Gideon se dood het die Israëliete weer van die Here afgewyk en Baäl-Berit vir hulle as god aanvaar.

- Hulle het die Here vergeet en hulle was ook nie lojaal teenoor die gesin van Gideon nie. Dit het skandelik aan die lig gekom in die geskiedenis van Abimelek.
- Abimelek, die seun van Gideon by ’n bywyf uit Sigem, het die inwoners van Sigem oorgehaal om hom as koning te erken.
- Toe het hy sy sewentig broers, die seuns van Gideon, almal doodgemaak.
- Net Jotam, die jongste, het ontvlug. Van die top van die berg Gerisim af het Jotam hulle toegeroep en die fabel van die doringbos-koning vertel.
- Jotam se woorde het waar geword, want God het ’n bose gees onder Abimelek en sy burgers ingestuur.
 - Toe Abimelek na Tebes gegaan en die stad ingeneem het, het ’n vrou ’n maalklip op sy kop gegooi.
 - Toe het hy hom deur sy wapendraer laat deursteek sodat hulle nie sou kon sê dat ’n vrou hom doodgemaak het nie.
- So het God Abimelek se sonde gestraf.

2.6 Tola

2.7 Jaïr

Onderdrukking van Israel deur die Ammoniete

Na Abimelek het Tola en Jaïr as leiers opgetree, maar van hulle is niks besonders bekend nie.

- Na die dood van Jaïr het ’n diep geestelike verval by Israel ingetree.
- Die Here het ook nou die volke wat Israel tot afgodery verlei het, gebruik om Israel te tugtig.
 - Die Filistyne het hulle verdruk in die Wes-Jordaanland en die Ammoniete in die Oos-Jordaanland.

- Toe die Ammoniete opgeroep is en kamp opgeslaan het in Gilead, het die Israëliete ook bymekaargekom in Mispa en daar begin soek na 'n bekwame leier om hulle aan te voer.

2.8 Jefta

2.8.1 Jefta tot leier gekies

Die aandag van die manne van Gilead het spoedig op Jefta geval.

- Jefta het sy verwondering daaroor uitgespreek, want hy is na sy pa se dood deur sy halfbroers verag omdat hy 'n buite-egtelike kind was.
 - As gevolg van sy afstamming is hy dus versmaad en uitgestoot uit die ouerlike woning.
 - Hy het hom in die land Tob gevestig waar hy 'n bende vrybuiters rondom hom bymekaargemaak het met wie hy strooptogte onderneem het.
 - Jefta is ook nie soos die ander leiers onmiddellik deur die Here geroep nie maar deur bemiddeling van die oudstes van die volk.
- Tog het hierdie roeping volgens die wil van die Here geskied, want die Here het Jefta gelei deur sy Gees (Rig. 11:29).
- Hy word beskryf as 'n dapper soldaat. Wat dit betref, kom hy ooreen met Gideon.
- Jefta wou sekerheid hê dat hulle hom sal aanvaar, en daarom vra hy uitdruklik aan die manne van Gilead of hulle wil hê dat hy hulle leier moet wees om teen die Ammoniete te gaan veg.
 - Hulle het dit met 'n eed bevestig.
 - Nou het Jefta geweet wat hom te doen staan.
- Hy het nog eers die stryd probeer voorkom deur boodskappers na die koning van Ammon te stuur om hom te probeer oorreed om van die oorlog af te sien.
- Die koning van Ammon wou daar egter niks van weet nie. Hy het gemeen dat die reg aan sy kant is omdat Israel tydens die woestynreis 'n stuk land van hom afgeneem het.
- Israel het wel land van die Ammoniete in besit gehad, maar hulle het dit nie van die Ammoniete afgeneem nie. Sihon, die koning van die Amoriete, het dit gedoen, en toe Israel die oorwinning behaal het oor Sihon, het hulle die land in besit geneem.

2.8.2 Sy stryd en oorwinning

Jefta het aan die koning van die Ammoniete getoon dat sy bewering geen grond gehad het nie. Dit het alles niks gehelp nie.

- Aangevuur deur die Gees van die Here het Jefta toe sy leër uit Gilead en Manasse bymekaargemaak.
- Sonder om op die hulp van Efraim te wag, het hy die Ammoniete aangeval, en God het hom die oorwinning gegee.
- Die Ammoniete is heeltemal verslaan en twintig stede is van hulle afgeneem.

2.8.3 Sy gelofte

Voordat Jefta die stryd begin het, het hy 'n gelofte aan die Here gedoen.

- Hy het beloof dat as die Here hom die oorwinning gee, die een wat hom uit sy huis tegemoet kom, as 'n offer aan die Here sal behoort. Toe hy ná die oorwinning terugkeer, het sy enigste dogter hom tegemoet gekom.
 - Jefta was ontroer, maar hy het dit sy plig geag om sy gelofte te hou.
 - In die verhaal word nie verder vertel wat gebeur het nie.

2.8.4 Sy stryd teen Efraim

Na die oorwinning oor die Ammoniete het die manne van Efraim vir Jefta verwytdat hy die oorlog gevoer het sonder om hulle ook vir die oorlog op te roep. Hulle wou Jefta en sy huis verbrand.

- Jefta wou hulle oortuig dat hulle ongelyk het, maar hulle wou nie luister nie.
- Daar het 'n hewige stryd tussen hulle uitgebreek, waarin Jefta en die manne van Gilead die oorwinning behaal het oor die Efraimiete.
- Die manne van Efraim is ná die geveg gegryp en doodgemaak sodra hulle uitspraak hulle verrai het.
- Hulle kon naamlik herken word aan die woord “sjibbolet”, wat hulle as “sibbolet” uitgespreek het.

Hierna het Jefta nog ses jaar as leier opgetree.

2.9 Ná hom was Ebsan leier, en daarna Elon en toe Abdon